# Neem-Dit-Huis-Toe – Gr. 2

## DIENSBAAR AS GESIN

Deesdae is ons plaaslike gemeenskappe baie bekommerd oor ons jeug en hulle betrokkenheid. Ons spreek gereeld ons kommer uit dat tieners nie weet hoe om diensbaar te wees nie. Tog het ons nooit die voorbeeld gestel of die ruimte gebied vir diensbaarheid nie.

Kinders en tieners wil weet waar hulle nodig is. Elke generasie kan en wil ’n bydrae maak en ’n verandering bring tot die samelewing. Dis belangrik dat ons ’n kultuurskuif aanmoedig en beoefen binne ons gemeentes, Kerkrade en jeuggroep leiers sodat ons werklik die kopskuif kan aktiveer.

Ons kan ook nie verwag dat ons tieners en kinders dit uit hul eie gaan doen nie. Ons moet die voorbeeld stel deur of eerste ’n genoemde uitdaging te voltooi of dit saam met hulle te beplan en voltooi.

As ouers het julle die geleentheid om saam met julle kinders diensbaar te wees in die koninkryk van God. Deur saam met julle kinders diensbaar te wees/deel te wees/betrokke te raak by 'n projek, soos bv. Ons gemeente se Projek 500 – stel julle as ouers nie net 'n voorbeeld nie, maar leer julle ook julle kinders wat dit beteken om diensbaar te wees. Hulle leer saam met julle as ouers, dat om te gee, is beter as om net te ontvang.

Die kinders word bewus van die nood in ons wêreld en dat hulle iets omtrent dit kan doen. Diensbaarheid is 'n voorreg en verantwoordelikheid wat gawes is wat elke Christen ontvang het. Dis ook 'n roeping wat Jesus op elke gelowige se hart plaas.

Kinders wil weet dat hulle saak maak! Dit is elke generasie se doel om te wêreld 'n beter plek te maak. Dit maak dat dit belangrik vir elke kind om te leer dat hy of sy kan 'n verskil maak en 'n bydrae lewer, of dit is vir die man op straat of vir die planeet. Kinders wat die belangrikheid van diensbaarheid besef, kry 'n nuwe doel in die lewe.

**Hoekom moet ek my kind leer om diensbaar te wees?**

Wel, dis wat Christene doen, ons word geroep om diensbaar te wees in God se koninkryk (*sien bv. Matt 25:31-46*)! Maar navorsing wys ook die volgende belangrike punte uit, wat tot

voordeel is van jou kind (*daardie lewens waarheid wat sê wanneer jy gee, ontvang jy altyd meer as wat jy gegee het*, dit is die reine waarheid!).

- Kinders wat diensbaar is teenoor ander leer om verby julleself te kyk. Kinders wat gee (diensbaar is) eerder as om net te wil ontvang, leer dat die wêreld nie net om hulle draai nie of dat die wêreld hulle iets skuld nie. Hulle begin om verby hulleself te kyk en hulle word bewus dat hulle deel is van 'n groter gemeenskap, hulle leer om die groter prentjie raak te sien.
- Wanneer kinders ander mense dien, ontvang hulle positiewe terugvoer wat hulle beskerm van die negatiewe, destruktiewe sienings oor jeug. Hulle hoor van baie mense, anders as hulle ouers, dat “Jy maak saak, jy tel, jy is goed genoeg”. Hulle word oorval met “baie dankies” in plaas van veroordeling.
- Die mense wat gedien word, word aangesteek om ook weer in dankbaarheid terug te gee. Wanneer kinders nog kinders is, soek hulle rolmodelle en min dinge beskerm 'n kind soos wanneer hulle besef dat hulle rolmodelle is vir ander.
- Diensbaarheid/deelname help kinders om *connections* te vorm en te vestig met hulle skole, bure, gemeenskap en die wêreld. Hulle kyk verby hulleself en sien dat hulle ook 'n plek het in die mensdom se familie. Hoe sterker hulle verbind voel, hoe sterker word hulle in hulle menswees. Hulle leer om hulle seëninge met dankbaarheid te waardeer, hulle leer om iets terug te gee. Hulle sal ook leer dat om te gee en te ontvang en om te deel wanneer daar 'n oorvloed is, en om te vra vir help gedurende moeilike tye, is normale en gesonde dinge wat mense doen. Ons wil hê ons kinders moet weet, dat soos hulle gee, so ook kan hulle ontvang.
- Kinders wat vrywillig deelneem aan 'n waardige saak, kry nie net selfvertroue nie, maar hulle verhoed ook probleme. Die *Minneapolis Search Institute* wat navorsing doen om gesonde kinders, jeug en gemeenskappe te promoveer sê dat: “*children and teens who volunteer just 1 hour a week are 50% less likely to abuse drugs and alcohol, smoke cigarettes, or engage in harmful behaviors*”.
- Wanneer kinders betrokke raak in vrywillige aktiwiteite, werk hulle gewoonlik saam met volwassenes wat goeie rolmodelle is. Soos wat die kinders werk saam met volwassenes wat 'n bydrae lewer tot 'n waardige saak, leer hulle nie net spesifieke vaardighede nie, maar *connect* hulle ook met volwassenes wat diensbaar is en 'n verskil wil maak wat 'n blywende impak om die kind maak.
- Bydrae lewer gaan nie net oor goeie dade en eerbare aksies nie. Kinders moet weet dat hulle ook kan bydrae lewer deur idees wat ernstig opgeneem sal word en gerespekteer sal word.
- Ons wil kinders groot maak wat weet hulle kan vir hulp vra, sonder enige skaamte of stigma.
- As kinders die ervaring van diensbaarheid het, sal hulle 'n baie belangrike lewensles geleer het – dit voel goed om te kan gee, of te kan help, of om 'n verskil te kan maak. Mense wat 'n bydrae lewer tot ander mense se lewens, voel nie mismoedig of ingedoen nie, hulle voel geëerd, selfs geseënd om in die regte plek op die regte te wees. Meeste van die tyd ontvang jy meer as wat jy gegee het. Ons moet ons kinders leer om

diensbaar te wees nie uit jammer kry nie, maar omdat ons dit wil doen en 'n verskil wil maak.

**Hoe begin ons om diensbaar te wees as 'n gesin?**

Begin deur daaroor te praat – wat is diensbaarheid? Hoe kan ons diensbaar wees? Waar kan ons diensbaar wees? Hoekom moet/wil ons diensbaar wees? Onthou diensbaarheid is nie 'n geleentheid nie, dis 'n lewenstyl.

Wat is die klein dinge wat jou kind(ers) kan doen vir jou bure eenkeer 'n week? Miskien kan hulle die bejaarde oom oorkant die pad se gras vir hom sny? Miskien kan julle goedhartige "ninjas" wees, wat iets kleins vir 'n vriend of buurman doen, sonder dat die vriend of buurman daarvan weet.

Vra vir jou kind se insette/idees, laat hulleself nadink oor hoe en waar en teenoor wie hulle kan diensbaar wees.

Regte diensbaarheid geleenthede bestaan orals. Ons gemeente bied 'n paar geleenthede aan vir ouers en kinders om diensbaar te wees in ons gemeente en gemeenskap. Onthou: jou kind(ers) hoef nie 'n water suiwerings-sisteem te bou in ver afgeleë dorpie in die buiteland nie. Daar is baie geleenthede hier in ons dorp en land.

As herwinning nie julle ding is nie, dan kan julle met kospakkies vir hulp behoeftiges of gaan bid vir die polisiemanne en vroue wat ons moet beskerm. Daar is so baie geleenthede waar ons kan diensbaar wees en daar is so baie maniere hoe ons kan diensbaar wees – ons moet net doodeenvoudig daarmee begin. Maar jou kinders gaan nie daarmee begin, as jy as ouer nie vir hulle 'n voorbeeld gaan wees nie.

Hieronder gee ek sommer so paar idees van hoe julle as gesin op julle eie of by/saam met die gemeente kan begin met diensbaarheid. En asb. as julle aan nog idees kan dink, kom deel dit met ons leraars.

## *Idees om kinders en tieners aan te moedig tot aksie.*

Hier is ’n paar idees om tieners en kinders aan te moedig tot aksie. Ons weet nie altyd om dit wat die Bybel vir ons leer prakties te maak nie. Ons help egter ons kinders en tieners om te verstaan hoekom ons moet dien en dit deel word van ons lewe, wanneer ons hulle ruimtes en voorbeelde gee om na te streef.

- ***Alleen Mense en Randfigure:***

- Maak tieners en kinders deel van die gasvryheid span wat mense op Sondae ontvang by die deure en afkondigings uitdeel.
- Maak ’n span wat bestaan uit tieners wat getaak word om nuwe tieners by die kerk en skool raak te sien en deel te maak van jeuggroepe, kategese groepe of sosiale geleenthede
- Taak tieners om ’n groep saam te roep wat uitstappies na die Aftree oord of Te Huis te reël waar hulle kinders betrek om kaartjies te maak en saam te kom uitdeel.
- Vra jou jong volwassenes om tieners te help ‘n koffiekroeg by die Kinderhuis aan te bied.
- Neem die gemeente op ’n “Walk the Town” uitreik waar ons bewustelik randfigure en alleen mense nader en vir hulle bid. Probeer die persoon se naam leer en weer opvolg in die volgende week.

- ***Arm Mense: Kinders en jongmense leer hoe om toepaslik op te tree en mededeelsaam te wees teenoor arm mense.***

- Vra kinders om hierdie week hulle toebroodjie met een maat te deel wat elke pouse alleen sit en hulle in nooi in hul vriende kring.
- Vra tieners om ’n “insta-story” of video te neem van waar hulle ’n groep vriende bymekaar kry om ’n uitdaging per week te voltooi waar hulle komberse uitdeel vir die mense wat dalk buite slaap, of waar hulle die plaaslike koerantman nooi vir ’n koeldrank en na sy storie luister.
- Nooi Tieners om ’n beurt te neem by die plaaslike sop kombuis
- Stap saam met kinders en tieners om die blok en vra vir hulle om op te let wat hulle sien. Gesels na die tyd met hulle oor wat hulle wil doen daaroor en help hulle om daardie uitdaging te voltooi.
- Nooi gesinne om te kom kos maak by die kerk, laat hulle die kos in wegneem bakkies skep en gaan neem dit aan die mense wat om en buite ons kerke slaap en sit en gaan sit by hulle aan vir ete.

  NB: Dis belangrik om nie net goeie dade uit ’n hoed te trek nie, maar maak dit deel van ’n preek reeks of kinderkerk en laat die preek in die dade uitvloei sodat tieners en kinders besef dat hulle toegerus word om uit te reik. Hierdie dade word deel van hulle lewe en is nie net eenmalig nie.

- ***Bure en Woonbuurt: Kinders en jongmense word geleer om vriendelik en verwelkomend te leef teenoor hul bure en ’n positiewe invloed in hul buurt te hê teenoor alle ouderdom mense.***

- Daag kinders uit om verwelkomings kaartjies te maak vir die nuwe bure en hulle te nooi vir tee om dit te oorhandig.

- Moedig tieners aan om ander bewus te maak van herwinning of ons water krisis, deur na deur tot deur te stap en te vra of daar ander tieners in die huis gesin is wat hulle kan ontmoet om ook in te trek by die doel.
- Moedig kinders aan om maats te nooi om saam met hulle kersliedere te sing van deur tot deur tydens Advent.
- Nooi as gesin die verskillende bure vir ’n ken mekaar aand, waarvan die kinders deel is daarvan om ook die familie se storie (wie is ons hoeveel mense bly hier ens) te vertel.

➢ ***Belange groepe en vriendekring: Kinders en jongmense leer hoe om hul geloof uit te leef in hul vriendekring en belangegroepe bv. Sportspan.***

- Doen ’n reeks by die jeuggroepe of kategese oor ons verskillende gawes sodat ons ouers, tieners en kinders kan toerus om hul verskillende gawes te verstaan.
- Moedig tieners aan om hulle sportspan aan te moedig om stil te raak voor ’n wedstryd of om die span na die tyd te bedank vir die wedstryd.
- Raak betrokke by jonger sportspanne as mentors of gr. 8 netbalspanne gaan help uit by die graad 1’s se oefeninge.
- Moedig jou vriende kring aan om vir jou verjaarsdag eerder te gaan serpe of komberse uit te deel eerder as om net partytjie te hou.
- Begin ’n Maandelikse uitdaging in jou vriendekring om die gemeenskap saam of alleen te gaan dien, bv. gaan besoek saam die DBV of konsentreer om alleen tieners in te trek by jou vriendekring.

***Die Algemene Sinode gee die onderstaande inligting deur, om ons te help, om ons kinders bewus te maak en te motiveer om diensbaar te wees in God se koninkryk:***

**Hoe help jy kinders en tieners om van die wêreld 'n beter plek te maak?**

**1. ONDERSTEUN EN BEMOEDIG**

Skep geleenthede waar kinders bv. kan uitreik na die personeel van publieke dienste (soos die brandweer, polisie, hospitale).

**2. BEWUS MAAK**

Help kinders om plakkate te maak met wenke hoe om water te bespaar of bemagtig tieners om ’n herwinnings- of dierebeskermingsprojek te dryf.

**3. INSAMELING**

Stel jou jeug in staat om klere en skoene vir ’n bepaalde uitreik in te samel of help hulle om geld in te samel vir ’n instansie wat besig is met natuurbewaring.

**4. HULP**

Skep geleenthede waar ouer jongmense jonger kinders help met huiswerk of speletjies aanbied by die nasorg of ’n les aanbied by ’n kinderhuis

**5. AKTIVEER / PROTES**

Moedig kinders aan om pienk of rooi strikkies te dra op spesiale dae of om die ‘Thursdays in black’ beweging te steun deur op Donderdae te protesteer teen die geweld in die wêreld. Reël ’n protesoptog deur die strate teen bv. die dwelmkultuur.

**6. SKOONMAAK / OPRUIM**

Reël ’n werksdag by die plaaslike *crèche* of polisiekantoor of reël dat hulle die vullis langs die rivier of in die park optel.

**7. UITDEEL**

Organiseer ’n geleentheid waar jou jeug die kos uitdeel by ’n sopkombuis of deel kerspakkies uit onder behoeftiges

**8. ANDER?**

Het jy dalk ander idees – iets wat julle dalk doen wat werk? Deel dit gerus en stuur dit sommer saam met ’n paar foto’s aan ons!

## Vir by die huis, probeer die volgende

Jesus kom wys vir ons wat opregte diensbaarheid beteken – om bereid te wees om jouself te verneder sodat ander verhoog kan word. Jesus se diensbaarheid kom wys vir ons hoe God se koninkryk lyk – waar niemand té belangrik is om iemand anders te dien nie en waar leiers juis bereid moet wees om van hulself op te offer vir ander. Jesus se voorbeeld wys vir ons dat diensbaarheid begin met ‘n gesindheid van liefde.

**Lees Johannes 13:1-17**

**Kyk:**

- Wat sien jy raak in die prent bo-aan hierdie gedeelte?
- Hoe help dit jou om oor die tema te dink?
- Aan watter ander beelde of metafore kan jy dink om hierdie tema of teks uit te beeld?

**Dink:**

- Hoekom het Jesus besluit om die dissipels se voete te was?
- As jy die verhaal in ‘n moderne konteks moes oorskryf, wat dink jy sou Jesus gedoen het om diensbaarheid te illustreer?
- Wat leer Jesus se voorbeeld vir ons oor hoe God van ons as Christene verwag om te leef in die wêreld?
- Is diensbaarheid maklik vir jou? Hoekom? Hoekom nie?
- Kan diensbaarheid verder strek as net ander mense? Wat van die skepping?

**Doen:**

- Tree diensbaar op teenoor iemand hierdie week. Onthou om diensbaar te wees beteken om iets van jouself op te offer – gee van jou tyd om iemand anders se lewe makliker te maak!

**Bid:**

- Jesus, help my om ander te dien deur…

**Tiener-fokus:**

- Doen vir elke lid in jou familie iets diensbaar sonder dat hulle daarvoor vra.
- Stap kaalvoet vir ‘n dag lank en dink aan hoe jy diensbaar kan wees vir mense in nood.

**Familie-fokus:**

- Gee vir elkeen in die gesin kans om die ander gesinslede se voete te was. Doen dit as ‘n teken dat julle bereid is om diensbaar te wees in die huis vir mekaar.
- Hang ‘n skoen by die voordeur as ‘n teken daarvan dat julle kies om diensbaar te leef.
- Gesels saam oor hoe jy met al jou liggaamsdele diensbaar kan wees. Kop, hande, voete, ore, mond, oë, hart. Julle kan ‘n plakkaat maak van al die idees.